



Die Koning se rentmeesters

Ds Gys van Schoor

Die Goeie Nuus (evangelie) wat Jesus bring, is nie in die eerste plek die boodskap van vergifnis van sonde sodat ons hemel toe kan gaan nie. Die Goeie Nuus wat Hy bring; kondig Hy self aan in Matteus 4:17 "Kom tot inkeer! God se koningsheerskappy gaan nou enige oomblik begin!" Die Goeie Nuus wat Jesus bring is dat, in Hom, die koninkryk van God gekom het. Die koningsheerskappy van God is in Jesus nou beskikbaar vir almal. Die Goeie Nuus is Jesus se uitnodiging dat ons nou ons hele aardse lewe kan lewe onder die koningsheerskappy van Jesus.

Dit is presies wat christenwees prakties beteken. Ons leer om ons hele lewe (huwelik, gesin, werk, ens.) te lewe vanuit die werklikheid van Jesus se koningsheerskappy. Om dit nog korter te sê: Ons leer om elke dag saam met Jesus, die Here, die Koning, te lewe. Dit beteken 'n ander manier van lewe. Eugene Peterson omskrywe pragtig Jesus se woorde in Matteus 11: "Keep company with me, and you'll learn to live freely and lightly." Dit is die basiese aspek van dissipelskap: ons leer by Jesus hoe om te lewe. En dit vra ook 'n ander inrigting van ons lewe. Baie mense wil hierdie ander manier van lewe hê, sonder om die verantwoordelikheid wat dit vra, te aanvaar.

'n Ander woord vir hierdie lewe saam met Jesus, is rentmeesterskap. Rentmeesterskap het 'n binnekant en 'n buitekant. Die binnekant gaan om te leer om saam met Jesus, onder sy koningsheerskappy te lewe. Die buitekant gaan oor die uitleef van Jesus se koningskap in al die fasette van ons lewe. Dit sluit al ons verhoudings in: huwelik, gesin, werk. Dit sluit al ons besittings in: "niks noem ek my eie meer." Dit sluit in wat ons maak met ons tyd. Dit omvat ons hele lewe in die geheel, maar ook in die kleinste aspek.

Ons kan twee foute maak.

Ons kan aan die een kant dink dat rentmeesterskap 'n beperking is van ons lewe. Nee, dit is die lewe! Jesus sê: "Ek is die Weg, die Waarheid en die Lewe." En weer: "Ek het gekom sodat julle die lewe kan hê en dit in oorvloed." Om vir jouself te lewe is die dood.

Ons moet ook nie die fout maak om te dink dat rentmeesterskap beteken dat ons van die lewe moet onttrek om in 'n klooster te gaan bly nie. Nee, dit beteken juis die teenoorgestelde. Ons moet al hoe dieper die lewe in. Ons is immers die sout vir die aarde. Sout kry sy betekenis buite die soutpot: in die "wêreld".

Om as die Koning se rentmeesters te kan lewe, het ons mekaar nodig. In die geloofsgemeenskap help ons mekaar, ondersteun ons mekaar, leer ons by mekaar, versterk ons mekaar, bid ons vir mekaar. Hierdie onderlinge liefde vorm die netwerk wat ons nodig het om as Jesus se rentmeesters te lewe. Ons gaan dit nie dadelik regkry nie. Dit gaan hier oor inoefening.

Daar is 'n Engelse lied wat die hart van rentmeesterskap pragtig verduidelik.

Jesus, all for Jesus

Jesus, all for Jesus
all I am and have
and ever hope to be.


All of my ambitions hopes and plans
I surrender these
into Your hands.

For it's only in
Your will that I am free.

Yes, it's only in
Your will that I am free.

Jesus, all for Jesus
all I am and have
and ever hope to be.

Jesus, all for Jesus
all I am and have
and ever hope to be.



1 Konings 3:1-15

Ek is 'n rentmeester van my werk!

Ds Rian Verster

Hierdie teks in ons preekreeks oor rentmeesterskap praat met my. Dis 'n mooi storie oor Salomo se gebed. Teen die verwagting in word Salomo se gebed nie deur allerhande begeertes bepaal nie. Sy gebed vir gehoorsaamheid aan die Here en vir insig om sy werk te kan doen, is 'n kreet om hulp, want die verantwoordelikheid is net te groot.

Die skrywer fokus nie net op Salomo se mooi gebed nie, hy kyk dieper en maak 'n paar opmerkings wat bepalend is vir wat hier gebeur. Salomo het 'n Egiptiese vrou getrou, waarskynlik vir diplomatieke en militêre sekuriteit. Sy het in Jerusalem kom woon en, so reken ek, Egiptiese kulturele en godsdienstige gebruike in Israel ingebring. Was dit een van die redes waarom die volk op die hoogtes geoffer het?

Salomo was lief vir die Here, maar hy het ook op die hoogtes geoffer. Salomo het afgode aanbid. By Gibeon het hy 'n duisend brandoffers gebring! Hy bid tot al wat 'n god is om hom te help om 'n goeie koning te wees.

Eat, Pray, Love

Ds Tinus van Zyl

Dié film het ek nog nie gesien nie, maar die boek was 'n absolute vreugde om te lees. Dit het my met hartstog laat terugverlang na die strate van Rome, wat my so bekoor het toe ek vier jaar gelede kindloos en sorgeloos saam met my vrou daar rondgedwaal het.

Die boek ontwyk elke generiese genre: Outobiografie? Reisverhaal? Geestelike boek? Dit handel oor die skrywer, Elizabeth Gilbert, wat uit haar eie vasgeloopte lewe probeer ontsnap. Om dit reg te kry, maak sy 'n ooreenkoms met haar uitgewer dat sy vir vier maande onderskeidelik in Italië, Indië en Indonesië gaan bly, en oor haar ervarings gaan skryf. Soos jy uit die titel kan aflei, is haar oogmerk om in Italië so veel as moontlik te eet, in Indië so veel as moontlik te bid en in Indonesië so veel as moontlik lief te hê, in die hoop dat sy fisies en geestelik sal herstel, en ook uiteindelik die balans kan vind tussen 'n fisiese en 'n geestelike lewe.

Eat, Pray, Love gee 'n pragtige, persoonlike getuigenis hoekom die Oosterse spiritualiteit vandag so aantreklik is vir miljoene mense wêreldwyd, veral vir vroue. Hierdie nuwe opborreling van spiritualiteit is 'n wonderlike ding, want dit help miljoene mense wat seergekry het in die kerk om weer 'n weg te vind na God. Dit help ook veral vir vroue, omdat die kerk se teologie die afgelope 2000 jaar gedomineer is deur mans, en daarom sekere belangrike aspekte van die Bybel onderbektom het of selfs misgekyk het (soos byvoorbeeld dat ons mense nie net sleg en sondig is nie, maar dat ons in die eerste plek na die beeld van God geskape is). Dit help ook ons as Christene om weer nuut en vars te dink oor ons eie verstaan van die boodskap van die Bybel. En boonop gee dit vir ons 'n geleentheid om met mense wat buite die kerk staan,

Uit die Woord

Ons bely dat die Here die lewende God is, maar in die praktyk is die afgode verblindend. Ons glo dat hulle ons voorspoed, geluk en plesier kan verseker. Ek strek die teks so 'n bietjie, maar is duisend brandoffers dalk soos duisende Rande? 'n Duisend brandoffers klink vir my na bietjie malligheid! Maar is dit maller as ons gejaag agter duisende Rande aan?


Die lewende Here kom praat met ons, sit sy hand op ons skouer terwyl ons by afgodsaltare in verwondering en verwagting staan. Die Here vra: "Wat wil jy hê moet Ek vir jou gee?" Ons antwoord: "Maak my 'n rentmeester van my werk." Maar wat is ons eintlike werk? Waarvoor werk ons?

Salomo is terug Jerusalem toe. Na sy kantoor toe? Nee, tempel toe, om die lewende Here te aanbid! Om aan God al die eer te bring, is tog ons eintlike skeppingsdoel, in werk en kerk.

Uit die Wêreld

in gesprek te tree oor God en geloof.

As jy graag saam wil gesels oor *Eat, Pray, Love*, of oor die verhouding tussen Christelike geloof en Oosterse spiritualiteit, kontak my by tinusvz@durbanvillegemeente.co.za



Elkeen is 'n rentmeester

Jac Kriek

Dwarsdeur die evangelie van Matteus loop rentmeesterskap soos 'n goue draad.

Tydens Jesus se versoeking in die woestyn, het Hy gekies teen sy eie behoeftes en teen al die koninkryke van die wêreld met al hulle prag. Sy antwoord was: “Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien”.

Die keuse wat Jesus in die woestyn moes maak, is ook deel van ons alledaagse versoeking. Jesus maan ons dat ons nie moet toegee aan die vals en leë beloftes van die wêreld nie. Ons moet skatte in die hemel vergader, nie skatte op aarde bymeekaarmaak nie. Ons kan nie God én mammon dien nie. Jesus draai die valse beloftes van rykdom om, deur te sê: “Beywer julle allereers vir die koninkryk van God en God sal julle alles gee wat julle hart begeer”.

Jesus waarsku ons dat dit nie noodwendig 'n maklike pad is nie, want “... die pad na die verderf is wyd en die pad wat na die lewe lei is smal”. Jesus maan dat ons nie net moet hoor wat die wil van die Hemelse Vader is nie, maar dit moet DOEN. Jesus vergelyk diegene wat sy woorde hoor en daarvolgens

Die Baksteenprojek

Tertius Cronjé

“This beautiful little church, refreshing to the eye of the traveller, like an oasis in the desert and of incalculable importance to the dwellers of the country, as a light shining in a dark place ...” Met dié keurige beskrywing doen die korrespondent van *The South African Chronicle* in Augustus 1826 verslag oor die inwyding van dieselfde kerkgebou wat reeds vir 185 jaar die geestelike tuiste van Durbanville Gemeente is.

Te midde van die onbetwiste materiële nood in ons midde en naburige gemeenskappe mag sommige tereg vra: Is dit werklik nou 'n prioriteit om op die kerkgebou te spandeer? Daar is egter 'n paar goeie redes waarom hierdie projek nou aangepak moes word.

'n Gemeentelid het dit treffend verwoord toe hy genoem het dat die kerkgebou nie aan ons behoort nie, maar aan ons nageslag. Ons leen dit van hulle en as paghouers is dit ons verantwoordelikheid om dit in dieselfde toestand vir hul te laat as waarin ons dit gekry het. Die kerkgebou is in 1975 as kultuur-historiese museum verklaar. Ons is bevoorreg om onder sy gewels te aanbid, afskeid te neem van geliefdes, ons kinders se huwelike te voltrek en kleinkinders ten doop te bring.

Maar vanuit 'n suiwer finansiële oogpunt beskou, is daar 'n ewe kragtige motivering: Indien nie nou nie, wanneer dan? Vir die afgelope drie jaar word daar reeds gepoog om broodnodige herstelwerk aan die kerkgebou en ringmuur te doen en telkens het die begrote bedrag deur die boukommissie in die slag gebly weens dringende prioriteite elders.

Rentmeesterskap

HANDEL, met 'n wyse persoon wat sy huis op 'n rots bou.

Jesus bevestig sy gesag deur te sê: “My Vader het alles aan My toevertrou”. Ons is deur Jesus aangestel, soos 'n slaaf deur sy eienaar. Met die eienaar se terugkoms, het hy die slaaf aan die werk gekry en hom daarna oor alles aangestel. In die gelykenis van die muntstukke, sê Jesus dat die eienaar by sy terugkoms REKENSAP geëis het nadat hy sy besittings aan sy slawe toevertrou het.

Die profetiese rede wat hierop volg, is Jesus se eie opsomming van rentmeesterskap: “Die koninkryk is van die skepping van die wêreld af vir julle voorberei. Neem dit as erfenis in besit, want Ek was honger, en julle het My iets gegee om te eet; Ek was dors, en julle het My iets gegee om te drink; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My gehuisves; Ek was sonder klere, en julle het vir My klere gegee; in die tronk, en julle het My besoek ... Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van my gedoen het, het julle dit aan My gedoen.”

Met besnoeiings aan bykans alle projekte van ons gemeente, het dit duidelik geraak dat ons nou 'n buitengewone poging moes aanwend voordat herstelkoste heeltemal buite beheer raak.

Die idee van die “koop” en verskuiwing van bakstene dra by tot betrokkenheid en het werklik alle verwagtinge oortref. D.P. Fourie merk op: “Wat my opval van die baksteenprojek is met hoeveel passie so baie mense betrokke geraak het.”

Die projek loop tot aan die einde van September teen welke tyd ons hoop om die mikpunt van R150 000 te bereik. Ons gebed is dat die Heilige Gees harte in die gemeente sal aanraak om die momentum van die projek enduit vol te hou, want na alles verteenwoordig elke steen wat op die wyse tot sy tempel bewillig word, 'n klinkende stem vir God se nuwe wêreld.



Die Here het jou gestuur!

Grete Becker

Maandagoggend, 16 Augustus, laai ek bevrore sop op by die kerkkantoor vir ons sopbeurt die volgende dag. 'n Groot dankbaarheid kom oor my toe ek sien hoeveel bevrore sop daar is. Ek neem 20 liter en weet: more is daar GENOEG sop. More kry almal sop! Tot die laatkommers ook. Lizma gee vir my die splinternuwe komberse wat ingekom het. Ek maak nie die boks oop nie - te haastig - sal later kyk en besluit wie dit moet kry.

Dieselfde Maandagaand kom ek half 8 by Virgin Active uit, stokflou na my eerste klas met my nuwe lidmaatskap. Ek gewaar dat dit nou al donker is en is nogal skrikkerig om alleen na my motor te stap. Toe ek inklim, sien ek die 2 hopies mens voor my op die winkelstoep waar hulle in die inham van die deure opgekrul lê. Kartondose dien as matrasse en dis net-net dat hul eie komberse hul rûe bedek. Ek onthou van die komberse in my kattedak en wip weer uit om dit uit te haal. Teen hierdie tyd het die een man al so effens regop gekom – seker maar ook bang dis weer iemand wat hom kom verjaag.

“Wil julle dalk nog 'n kombers hê?” vra ek.
“O hemel mevrou, asseblief ja! Die nagte raak bitter koud.”
“Ek weet nie of ek vir elkeen een het nie,” sê ek weer. Maar soos die weduwee se oliekruik, kom daar net mooi 3 komberse uit die sak: een vir elkeen. Dit val my weereens op dat die ontvanger van die komberse nie al die komberse vir homself hou nie. Nee, intendeel, hy kan nie vinnig genoeg sy maat wakker maak om hom hierdie welkome meevaller te wys nie en hom sy kombers te gee nie. Hulle kan nie genoeg dankie sê nie.

Ek stap om die kattedak toe te maak en gewaar nog 'n Pick & Pay-sak. Vreemd, ek ken nie die sak nie. Moes ook uit die boks

Eredienswerkgroepe

Cecilia Slabbert

Dis 'n voorreg om deel te wees van die Familiediens se eredienswerkgroep, maar dit hou ook 'n groot verantwoordelikheid in. Die uitdaging bly om die Here se stem te hoor en om sy hart vir ons gemeente te verstaan.

Maandagaande gebruik ons om saam te lees, te bid en te gesels oor die teks vir Sondag. So begin die liturgie dan vorm aanneem. As ons onrustig is oor iets gaan raak ons eers weer stil daaroor en vra die Here om ons te kom wys. God is getrou. Daar is mooi getuienisse oor hoe die Here vir iemand in die groep 'n idee gee en dit dan deur iemand anders bevestig word.

Wees Deel

geval het. Ek haal die karton en die sak uit en gee dit vir hom.

“Mevrou, dis skoene,” gil die man, “ek kan dit nie glo nie! My skoene is hoeka op en stukkend.” En net daar val hy plat en trek die skoene aan. Met kinderlike blydschap, lê hy op sy rug, lig sy been HOOG op en roep: “Kyk, missies, kyk, hulle pas perfek.” Ek skyn my motor se ligte op hom en sien hoe die vreugde in sy oë blink. Dis so goed hy het die lotto gewen.

“Mevrou, mevrou, dankie, dankie dankie. Die Here het jou gestuur!”

Ek ry daar weg, met 'n knop in my keel. Baie dankie aan jou, Durbanville Gemeentelid, wat dit moontlik gemaak het dat ek saam met jou, die Here se hande en voete hier in Durbanville kan wees.



Vir my persoonlik hou die hele proses my heel week op my knieë. Dis partykeer moeilik om al die verskillende voorkeure van mense op die agtergrond te skuif en net die Here se manier te vertrou, veral as Hy 'n nuwe rigting aandui. Tog maak dit my opgewonde om te weet God is in beheer.

Indien jy deel wil word van een van ons eredienswerkgroepe, kontak vir ds Tinus van Zyl by tinusvz@durbanvillegemeente.co.za.

Tweeslaapkamer Woonstel in Stellenbosch te koop teen R670 000.00.

Huurkontrak tot 30 November 2010. Sekuriteitskompleks. Parkeerplek direk voor woonstel. ± 2km vanaf universiteit. Ideaal vir twee studente volgende jaar. Goeie belegging: huur in Stellenbosch in aanvraag (tans ongeveer R2100 per persoon p.m.).

Kontak 076 833 2038

Nadat 'n behoefte bepaling gemaak is in die gemeente, is daar vasgestel dat 'n Seniorbediening benodig word, veral vir seniors wat nog in hul eie huise woonagtig is. Di André van Wyk en Rian Verster het toe met 'n paar senior lidmate in gesprek getree. Uit die gesprek het DE PORT-UUR GROEP ontstaan.

Die doelstellings van die groep is die volgende:

1. Sosiale versorging (bv. uitstappies, konserte, etes)
2. Praktiese versorging (bv. nutsman, vervoer, besoeke)
3. Geestelike versorging (bv. Bybelstudiegroepe)
4. Die groep wil ook in die gemeente tot diens wees (bv. hulp by basaars, "steak"-braais, straatetes). Die groep lewer reeds diens by die ringsitting wat eersdaags by ons Gemeente plaasvind.

Die sukses van die bediening kan slegs slaag met die samewerking van die seniors in die gemeente. Ons benodig dat u ons in kennis te stel van geïdentifiseerde behoeftes waar hulp verleen kan word.

Die loodsing van DE PORT-UUR GROEP is gehou op 18 Augustus 2010 met 'n suksesvolle PORT EN POEDING funksie.

KONTAKNOMMERS:

Kerkkantoor 021 975 6370
Marie Conradie 021 976 3158
Marie Cloete 072 273 9981.



Elkeen is 'n versorger ... ja, jy ook!

Susan Agrella

Die saadjie vir die siekebesoek-bediening is jare gelede geplant toe ek gediagnoseer is met Veelvuldige Sklerose, meer bekend as MS (*Multiple Sclerosis*). Van iemand wat ernstig onafhanklik was, het ek binne weke 'n hulpbehoewende geword. Hulp om in die rolstoel te gaan sit, om in en uit die bad te klim, in die motor ... die lys is lank! Dit was bitter moeilik om hulp te aanvaar en ek moes leer om oor grense heen die hand te neem wat na my uitreik.

Aanvanklik was my gedagte dat groot dinge sou gebeur in die bediening: daar is dan soveel nood, soveel pyn, eensaamheid! Genadiglik was God in beheer en het ek begin leer om te luister. Vandag kyk ek met groot dankbaarheid terug en besef dat luister een van die pilare is van versorging.

Hoe lyk dit in praktyk? Dit was een van die groot verrassings wat ek ervaar het ... dit vra eintlik so min! So min soos 'n glimlag vir iemand by wie jy verbyloop, so min soos 'n oproep of sms terwyl jy wag dat die skool uitkom. Versorgers is gewone mense: mense soos ek en jy. Tien teen een is jy reeds besig met versorging: sien dit raak!

Ek het, soos die bediening ontwikkel het, besef in hoe 'n mate ekself versorg word deur ander. 'n Mens raak sensitief vir versorging omdat dit 'n lewende handeling is. Dit wek 'n reaksie en gevolg. Wanneer 'n mens na Kol. 3:12-17 kyk, verwoord dit versorging so besonders. Vers 14 lees: "Bo dit alles moet julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot volmaakste eenheid saambind". Versorging is geloof in aksie. Dit is die uitvoering van God se opdrag.

Die realiteit van versorging in gemeente-konteks is dat 'n span mense of groep dit nie alleen voldoende kan hanteer nie. Die las raak eenvoudig te veel en het tot gevolg dat die versorgers uitbrand. Wanneer die lede mekaar begin versorg, word dit 'n gedeelde taak en beweeg ons nader om die opdrag in Kol. 3 uit te voer.

Kom, reik uit, doen dit!

Adverteer in SIG

Die kostes vir advertensies is as volg:

| | | | |
|------------|-------|------------|------|
| Vol blad | R1500 | Halwe blad | R750 |
| Kwart blad | R375 | 1/8 blad | R188 |

Kontak die kerkkantoor by 021 975 6370.

(Die redaksie behou hom die reg voor om advertensies, wat nie pas by die aard van die SIG nie, te weier.)

Redaksie

Redakteur: Ds Tinus van Zyl

Redaksielede: Jackie Pretorius & Cindy vd Merwe

As jy op enige wyse betrokke wil raak by die SIG, of die gemeente se kommunikasie in die algemeen, skakel asb vir ds Tinus van Zyl by 083 289 4985.

geS!Ggies

dis heerlike lente...

Dit borrel in my want ek is so bly, Jesus het my lief!

Hoe Kan ek meer "groen" lewe ... Hier is vir julle 'n paar nuttige wenke oor hoe om meer omgewings-vriendeliker en GROEN te lewe. Kom ons werk almal saam om die Here se skepping te beskerm! (Gaan lees gerus Genesis 1 en 2)

- Moenie te lank stort nie.
- Sit die ligte af as jy nie in jou kamer is nie.
- As jy verby 'n papiertjie stap, tel hom op - al is dit nie joune nie.
- Help vir Pappa en Mamma om te herwin.

MAAK JOU EIE AARBOL RICE KRISPIE BALLETJIES

- 1/4 koppie botter
- 40 gewone marshmallows
- 2.5ml Vanilla
- 6 koppies rice krispies
- Groen en blou voedselkleursel



Metode:

Smelt die botter en marshmallows oor 'n medium hitte in 'n groot pot, roer die vanilla en rice krispies in. Deel dit in twee bakke. Gooi by die een bak die groen kleursel en die ander bak die blou kleursel. Meng dit dan goed. Vat dan een lepel groen mengsel en een lepel blou mengsel saam in jou hand en maak 'n balletjie! En sien daar ... jou aardbol! Laat dit heeltemal afkoel voordat jy dit eet.



Kom kuier en leer meer van Jesus saam al jou maatjies en Tannie Lezjé elke Dinsdag by KIX om 16:00 vir Voorskool tot Gr.3 en 17:00 vir Gr. 4-6 gedurende skoolkwartale. Julle is almal welkom!!!!

Skryf die geskommelde woorde reg oor!

BYBEL, GEBED, KRAG, LIEFDE,
JESUS, PSALM, HERE, HELP,
HERDER

- MSLAP _____
- LPEH _____
- EDIELF _____
- DEBEG _____
- YBELB _____
- RKAG _____
- EREH _____
- REDREH _____
- SEUSJ _____



Waar staan dit in die Bybel?

- | | |
|--|-----------------|
| Daniël oor sy geloof in 'n leeukuil gegooi | Daniël _____ |
| Dawid en Goliat | 1 Sa ___ el ___ |
| Die doop van Jesus | Matteus 3: ___ |
| Die gelykenis van die ryk dwaas | Lu ___ 12: 13-2 |

Sokker Sondag



Graad 6: Ouer-en-kind-dag

Jeugkomitee

Op Saterdag, 23 Oktober 2010, hou die Jeugkomitee 'n ouer-en-kind-dag vir al die Graad 6-kindere en hul ouers. Ons begin 09h00 die oggend, en sluit die dag af met 'n braai die aand. Sondagoggend in die Familiediens gaan al die Graad 6'e en hul ouers voor die gemeente kom staan, waar die ouers 'n brief met 'n persoonlike seëngebied aan hul kindere gaan oorhandig, en die hele gemeente dan ook 'n gesamentlike seëngebied vir al die Graad 6-kindere gaan bid. Sodoende gaan ons die oorgang van ons kindere van Junior Kategese na Senior Kategese vier en hulle aan die Here opdra.

Oorgange is dikwels moeilike tye in 'n mens se lewe. Vir 'n kind is die oorgang van 12 na 13 jaar dikwels 'n tyd waarin hy/sy baie vinnig 'n klomp liggaamlike, emosionele en geestelike verandering in hom-/haarself moet verwerk en bestuur. Vir 'n ouer is hierdie oorgangstyd in jou kind se lewe ook dikwels vinniger op jou as wat jy verwag het, en moet jy as ouer baie vinnig "ratte verwissel" in jou ouerskapstyl.

Maar oorgange is nie net moeilike tye nie. Dit is ook opwindende en leersame tye. Dit is tye waarin ouers en kindere mekaar weer op nuwe maniere kan ontmoet en ontdek, en die band tussen ouer en kind, asook die band tussen ons gesin en God, versterk en verdiep kan word.

Om hierdie rede wil die Jeugkomitee toenemend aandag gee aan oorgangstye in ons kindere se lewens. Daar was nog altyd 'n sterk fokus op ons jongmense van 16 jaar en ouer, wat

Jeug: Tieners

Belydenis van geloof wil aflê, wat 'n groot oorgangsmoment in hul lewe is. Daarby wil ons nou ook moeite doen om aan die begin van Graad 1, met die begin van formele Kategese, asook aan die einde van die Graad 6, met die oorgang na Senior Kategese, ons kindere en hul ouers te ondersteun en te begelei in hierdie oorgangstye.

En dit bevestig dan ook die tweede, belangrike rede vir hierdie inisiatiewe. Die Jeugkomitee wil toenemend ons kindere bedien binne die konteks van hul gesin, want die gesin is immers die eerste plek waar kindere se geloof gevorm word. Ons wil nóg nouer saamwerk met die ouers van ons kindere en hulle soveel as moontlik ondersteun en bemagtig in die uiters uitdagende taak om in vandag se tyd ons doopbelofte na te kom en vir ons kindere te leer wie God is.



Gehoor is een van ons vyf sintuie

Dit stel ons in staat om met mense in interaksie te tree maar ongelukkig skeep die meeste mense hierdie sintuig af. Gehoorverlies word veroorsaak wanneer een of meer strukture in die gehoormeganisme nie normaal funksioneer nie. Veroudering is een van die mees algemene oorsake van gehoorverlies.

Impact Hearing, 'n landwyse oudiologiepraktyk, wat spesialiseer in gehoorapparate en toetse, bied egter die antwoord. Met drie takke in Durbanville, Cape Gate en Pinelands bied die praktyke 'n toeganklike bekostigbare alternatief aan die gemeenskap.

'n Sogenaamde gehoorsiftings- of gehoortoets kan binne minute bepaal of daar gehoorverlies is waarna 'n volledige diagnostiese toets die ligging, oorsaak en graad van die gehoorverlies kan vasstel.

Indien 'n persoon dan vir gehoorapparate kwalifiseer, sal die audioloog die geskikte opsies met hom of haar bespreek. Impact Hearing Systems bied verder 'n volledige reeks gehoorbeskerming wat u oor en gehoor teen geraas, water, snork en musiek beskerm.

Die eerste en ook goedkoper opsie behels oor-die-toonbankoorpluisies en ook doelgemaakte oplossings, waar 'n oorpluisie volgens die betrokke persoon se oor gevorm word. Beide opsies doof die spesifieke klank uit terwyl dit steeds normale gesprek toelaat.

Impact Hearing Systems was vir die tydperk 2009/2010 die hoofverskaffer van gehoorapparate aan staatshospitale in Suid-Afrika.

Vir nog inligting skakel 0800-200-100 tolvry./021-2001940 /021-5316903



**Bekostigbare
gehoorapparate**

**Ontvang 5 - 8% afslag
op die aankoop
van gehoorapparate.
Koop 2 pakkies
gehoorapparaatbatterye
teen R48.**

impactHEARING
kind to hearing

Cape Gate
46 on Tanner
Windsor Park
Kraaifontein
021 2001940/41

Tygerberg
1 Hebron Park
Soetewei Street
Durbanville
021 976 5600

Pinelands
4 Mountbatten Avenue
Pinelands
021 531 6903

Kliëntediens 0800 200 100
www.impacthearingpractices.co.za

'n Getuienis van versorging

Dawid Kruger, Huis Aristeia

Na aanleiding van die stories in die spesiale SIG van Mei 2010, aangaande versorging in ons gemeente, deel ek graag die volgende met u.

Op 3 Maart 1993 stel die geneeshere vas dat my vrou terminaal siek is (kanker). Op 3 April 1993 sterf sy.

Sedert ongeveer 15 Maart 1993 het een van my susters (intussen ook oorlede) vir ons kom huis hou en na my vrou se dood het sy nog tot einde April by my gebly.

Een aand kort voordat my suster huis toe sou gaan (sy was 'n weduwee met 2 selfversorgende kinders) het ek terwyl ons besig was om te eet vir haar gevra of sy nie by my wou kom woon nie. Sy het nie "nee" gesê nie, maar uit haar antwoord was dit duidelik dat sy nie vanaf die platteland na die stad wou verhuis nie. Terwyl sy die skottelgoed gewas het, het ek in die sitkamer gaan sit en, alhoewel ek geglo het dat die Heer sal sorg, het ek tog half bekommerd gewonder oor die pad vorentoe.

Terwyl ek so sit, kyk ek na die voordeur. Daar kom 'n stem wat vir my sê: "Moenie bekommer nie, die hulp sal by daardie deur inkom." Dadelik het daar 'n rustigheid oor my gekom.

Ek het vir 10 jaar na my vrou se dood nog in my huis gewoon. Daagliks het die hulp ingestroom: alles van lidmate van ons eie Durbanville Gemeente wat ek leer ken het in die tyd wat ek ouderling was. Nie een van hulle het ek vooraf geken nie en alhoewel ek later tot 'n groot mate in my behoeftes kon

Nog 'n Van Zyl-tjie

Ds Tinus van Zyl

Ons tweede dogtertjie, Huibré van Zyl, is op 22 Julie 2010 met 'n mooi kapsel hare gebore. Sy is vernoem na Gerda se ma, Huibré Müller, wat nou oma van vier kleinkinders is. Sy is ook die agste agterkleinkind van Johanna Jansen van Rensburg, wat in De Rust aftree-oord bly.

Ons eersteling, Mari, is heel ingenome met haar nuwe baba-sussie en deel gereeld soentjies en drukkies vir sussie uit. Toe ons vir haar sê dat baba-sussie se naam "Huibré" is, het sy opgemerk: "Nee man, sy is nie 'n oma nie!"

Ons dank die goeie Vader vir die voorreg om hierdie nuwe mensie in ons lewe te verwelkom en dat sy so pragtig en gesond is.



Ons Mense

voorsien, het die hulp nooit opgedroog nie. Soms het ek as gevolg van 'n toegetrekte bors in die middel van die nag wakker geword en net die bure gebel. Binne minute was ek by die hospitaal.

Gedurende Mei 2003 het my gesondheid sodanig agteruit gegaan dat ek nie verder alleen kon bly nie. Met behulp van my ou vriend Sakkie Bosman (wie ken hom nie?) en Freek Serfontein, is ek in die siekeboeg by Huis Aristeia opgeneem waar ek nog steeds is en op 'n besondere wyse versorg word.

Vir die afgelope 7 jaar het Sakkie en Susan vir my letterlik alles gedoen. My ou vriende besoek my nog gereeld en dra nog lekkernye aan.

Na haar dood het ek gesien dat my vrou, terwyl sy al baie siek was, Ps 63:4 in my Bybel onderstreep het. Die vers het vir my besondere betekenis gekry, aangesien ek daagliks God se liefde op 'n besondere wyse ervaar deur mense wat Hy oor my pad stuur.

Soms kom ons teen 'n muur te staan en bid dat die Here die muur tog moet verwyder, want ons wil so graag die toekoms in kyk. Maar God sê: "Nee, Ek wil jou juis agter die muur versorg sodat jy my genade so sal ervaar soos ek dit vir jou bedoel het." Kind van God, moet nooit aan sy liefde twyfel nie. Vertrou op God, Hy sal sorg!

KUNSKLASSE

Skakel - BUX FOUCHÉ vir meer besonderhede

ADRES: Woonstel nr 1, De Villiers Rylaan 29, Valmarypark, DURBANVILLE
Telefoon: (021) 979 3575, Selfoon: Bux 072 043 7206, E-pos: hjfouche@telkomsa.net
Koste: R150-00 per maand

ALLE MAANDELIKSE BETALINGS MOET MET JACKIE PRETORIUS BY DIE KERKKANTOOR GEREËL WORD.

Kantoor Durbanville Sentraal te koop,

Deeltitel, R595 000

(of tydelik te huur, op maandbasis teen R4900 p.m. gemeubileerd of ongemeubileerd).

Drie kantore, kombuis, toilet, klein binnehof,
twee skadunet- en een oop parkeerplek, lugreëling en alarm.

Kontak 076 833 2038